

‘n Skrikwekkende Waarskuwing! (OP90)

Heb 6:4-8

22 Mei 2022

Laasweek het ons gesien die skrywer het vanaf Heb 5:11 sy bestudering van die Seun as Hoëpriester onderbreek. Die rede vir die onderbreking was dat hy aan hulle baie wou verduidelik oor die Seun as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, maar hy kon nie, want die Hebreërs was traag om te leer, en dus nie leergierig genoeg om meer hiervan te leer nie. Die skrywer het vir hulle verduidelik hierdie traagheid om te leer het verreikende implikasies: (1) dit het tot gevolg dat hulle nie groei nie, (2) dit het ook tot gevolg dat hulle die kennis van die grondwaarhede wat hulle wel gehad het, verloor, (3) dit het tot gevolg dat hulle nie ander leer nie, want hulle het nie die kennis nie, (4) dit het tot gevolg dat ander hulle weer dieselfde grondwaarhede oor moet leer, (5) wat ook beteken hierdie persone kan nou minder lering gee op ander plekke, (6) dit het tot gevolg dat die lesers onervare is in geregtigheid en (7) dit het tot gevolg dat hulle nie die onderskeidingsvermoë het om tussen goed en kwaad te onderskei nie. Ons het ook gesien die grondwaarhede waarmee die skrywer verwag het sy lesers vertrou moes wees, het ingesluit (1) die noodsaak aan bekering, (2) die noodsaak aan geloof, (3) die noodsaak om gewas te word, (4) die noodsaak dat geregtigheid aan hulle toegereken word, (5) die verwagting van die opstanding van die dooies, en (6) ook die verwagting van God se oordeel.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 6:4-8. Hierdie verse is ‘n voortsetting van die argument van Heb 5:11-6:3. Dit word duidelik uit die feit dat vers 4 begin met die woord “want”. Wat ons dus kan verwag is dat hier nog verdere motivering gegee gaan word oor hoekom dit noodsaaklik is dat die lesers nie traag moet wees om te leer nie. Trouens, in hierdie verse gaan die skrywer dit duidelik maak hoe tragies die uiteinde kan wees as hulle hulle nie voortdurend inspan om te leer nie.

Kom ons wees eerlik: hierdie verse, veral verse 4-6, is eenvoudig moeilik om te verstaan. Baie debat is al hieroor gevoer – Gereformeerdes het hulle interpretasie van die verse, en dit verskil dramaties van die interpretasie van Armeniane. Lees weer verse 4-6. In hierdie verse word daar van 5 ervarings gepraat wat mense kan belewe: (1) hulle kan eenmaal deur God verlig word, (2) hulle kan die hemelse gawe smaak, (3) hulle kan die Heilige Gees deelagtig word, (4) hulle kan die goeie Woord van God smaak, en (5) hulle kan die kragte van die toekomstige wêreld smaak – en al het hulle dit alles ervaar, kan hulle nog afvallig word. En asof dit nie erg genoeg is nie, word bygevoeg dat as hulle afvallig geword het, is dit onmoontlik om weer tot bekering te kom. Ek glo dit is duidelik waar die probleem is: Is dit werklik so dat iemand al hierdie heerlike dinge kon ervaar het, en dan tog nog afvallig word en eindig by die punt waar die persoon nooit weer tot bekering kan kom nie, m.a.w. dat so iemand vir ewig verlore gaan.

Verskeie interpretasies is al vir hierdie verse gegee. Een interpretasie is dat die persoon waarvan hier gepraat word, werklik ‘n gelowige is – en kom ons wees eerlik die 5 dinge wat genoem word is tog tipies dinge wat waar is van ‘n gelowige. Maar dit sou beteken dan dat iemand wat ‘n gelowige is, dus weer sy geloof kan verloor en dan vir ewig verlore gaan. Dit is natuurlik in stryd met verskeie ander gedeeltes in die Bybel. Kan ek maar na een verwys: Joh 10:28 “Ek gee hulle (my skape) die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie”. Dit is tog klinkklaar duidelik – Jesus het geleer ‘n ware gelowige kan nie weer uit die geloof val nie, en dus kan dit nie wees dat Heb 6:4-6 van ‘n ware gelowige praat nie. ‘n Tweede interpretasie wat deur sommiges voorgestel word, is dat hierdie slegs ‘n beskrywing is van ‘n hipotetiese geval, m.a.w. dit beskryf net dat as iemand hierdie 5 dinge sou ervaar het, en dan nogtans afvallig word,

dan sou dit onmoontlik wees om weer tot bekering te kom. Maar dit is nie iets wat werklik gebeur – dit is bloot ‘n hipotese om te verduidelik hoe erg dit sou wees as so-iets sou gebeur. Wel, laasweek het ons gesien hoe ernstig die skrywer met sy lesers gepraat het – dit sou baie vreemd wees as hy na daardie ernstige oproep nou spring na iets wat net hipoteties moontlik is en nie in werklikheid ooit gebeur nie.

Ons moet dus steeds verder soek. Ek is oortuig baie kommentatore sien die punt raak as hulle sê om hierdie verse behoorlik te verstaan, moet ons die gelykenis van die saaiër in gedagte hou. Een kommentator wat dit doen, is Stuart Olyott. Die van julle wat hom ken, sal weet hoe hy die vermoë het om ‘n komplekse onderwerp maklik verstaanbaar te maak – ek leun dus vandag baie sterk op sy verklaring.

Gelykenis van die saaiër (Mark 4:1-20)

Ek vertrou ons is almal vertrou met die gelykenis van die saaiër – dit word onder andere in Mark 4:1-20 beskryf. Kom ons lees Jesus se verklaring van die gelykenis in verse 13-20. Die saad wat gesaai word, is die Woord van God. Wanneer dit gesaai word, is daar 4 verskillende reaksies op die Woord wat voorgestel word deur die 4 areas waar die saad val. Die saad wat op die pad val, word direk opgepik – dit verwys na mense op wie die Woord geen effek het nie. Die saad wat op die klipbank val, kom op, maar verdroog weer vinnig in die son – dit verwys na mense wat die Woord gunstig ontvang, maar as hulle begin ervaar daar is ‘n prys wat jy betaal om volgens die Woord te leef, gee hulle vinnig op. Wat vir ons bestudering vandag belangrik is. Is die derde en vierde tipes grond. Die derde tipe is waar die saad tussen die onkruid geval het. Dit het ontkiem, wortel geskied, opgekom en belowend gelyk – maar die onkruid het ook opgekom, en het op die ou end die plant verstik. Dit verwys na mense wat die Woord hoor en dit ter harte neem. Aanvanklik lyk dit belowend, maar dan kom die sorge van die lewe, die verleidinge van rykdom en begeerlikhede, dit verstik die groei, en op die ou end is daar geen vrug nie. Die laaste groep saad het in goeie grond geval, dit het ontkiem, gegroei en ‘n groot oes opgelewer – dertig, sestig en honderdvoudig. Hierdie mense het die Woord gehoor, dit aanvaar en vrug voortgebring.

Kom ons spring vir ‘n oomblik na Heb 6:7-8. Ek glo die ooreenkoms tussen hierdie verse en die gelykenis van die saaiër se derde en vierde groepe is duidelik. In die gelykenis word die saad gesaai, terwyl in verse 7-8 word van die reën gepraat. In verse 7-8 is daar die een geval waar daar net doringstruie en dissels opkom na die reën, maar geen vrug nie – soos met die derde groep in die gelykenis, en in die ander geval is daar bruikbare gewasse voortgebring – soos met die vierde groep in die gelykenis. Dit is belangrik om raak te sien dat vers 7 praat van reën wat dikwels op op die grond val – ons kom later terug hierna.

Dink nou oor die volgende: Let op hoeveel ooreenkoms daar is tussen die saad wat tussen die dorings geval het en die saad wat op die goeie grond geval het in die gelykenis van die saaiër. In beide gevalle is die saad nie deur die voëls opgepik nie – in beide gevalle is die Woord dus nie net geïgnoreer nie. In beide gevalle het die son dit nie verskroei nie. In beide gevalle het dit wortel geskied. In beide gevalle het dit gegroei. In beide gevalle is die Woord ter harte geneem en oorweeg. Aanvanklik was daar geen verskil tussen die saad tussen die dorings en die saad op die goeie grond nie. Die enigste verskil tussen die twee het eers later duidelik geword – die een plant is verstik en het geen vrug opgelewer nie, terwyl die ander plant wel vrug opgelewer het.

Heb 6:4-6

Kom ons gaan nou terug na Heb 6:4-6, en kom ons dink aan twee persone, ons noem hulle A en B.

- Gestel beide hierdie persone word iewers blootgestel aan die evangelie deurdat iemand dit aan hulle verduidelik. Beide hierdie persone luister aandagtig, beide word aangespreek deur die inhoud wat aan hulle vertel word, beide neem dit ter harte – ons kan sê beide is op daardie stadium, of dan een keer, deur God verlig (v4).
- Gestel verder beide persone smaak iets van die hemelse gawe (v4). Let op, die oorspronklike sê spesifiek “smaak”, nie “ontvang” soos die NAV dit vertaal nie. Wat is die hemelse gawe waarvan gepraat word? Baie voorstelle is al gemaak: die Heilige Gees, vergifnis van sonde, die gawe van verlossing, of die gawe van genade – immers al hierdie gawes kom van God af in die hemel. Ek stem egter saam met kommentatore soos Thomas Hewitt wat oortuig is dat dit heelwaarskynlik spesifiek verwys na die Seun. Hy het immers baie keer spesifiek verwys na die feit dat Hy uit die hemel gekom het – kyk maar na Joh 3:13, 31-32. Beide persone A en B het dus tydens die verkondiging van die evangelie aan hulle, iets begin verstaan / iets gesmaak van die werk van die Seun.
- Beide A en B het ook deelagtig geword aan die werk van die Heilige Gees (v4). Ja, dit is so dat dit die Heilige Gees is wat geestelike lewe in dooie harte werk. Maar dit is nie noodwendig wat die Heilige Gees altyd doen nie – dit kan bloot verwys na die gawes wat die Heilige Gees gee. Beide A en B kan hulle by ‘n gemeente voeg. In die gemeente is die gawes van die Heilige Gees aan die werk – en beide A en B ervaar dit, word deel daarvan. Dit kan wees dat hulle selfs self een of ander gawe van die Gees beoefen tot voordeel van die gemeente.
- Beide A en B smaak (nie “leer ken” – soos die NAV dit vertaal nie) ook die goeie Woord van God. Hulle word beide blootgestel aan die verkondiging van die Woord – dit kan selfs goeie Woordverkondiging wees wat verder gaan as net die grondwaarhede, en beide proe dit is kosbaar, dit voed. Beide kan deel word van Bybelstudies of persoonlike studies en ook daar proe hoe besonders die Woord van God is.
- Beide A en B kan ook die kragte van die toekomstige wêreld proe (v5). Meeste kommentatore stem saam dat die “toekomstige wêreld” verwys na beide die wêreld sedert die koms van die Messias (m.a.w. die wêreld waarin ons leef), asook na die wêreld na hierdie wêreld (m.a.w. die wêreld na die wederkoms). Tydens hulle lewe in die gemeente, tydens hulle blootstelling aan die Woord van God leer beide meer oor die voordele wat dit alreeds in hierdie lewe het om ‘n gelowige te wees, asook van die heerlike hoop wat gelowiges het in die lewe hierna.

Op die oog af, lyk dit asof A en B dieselfde ervarings het, en die ervarings wat hulle het, het ook dieselfde uitwerking op hulle – soos wat die saad wat tussen die dorings geval het en die saad wat op die goeie grond geval het, aanvanklik baie dieselfde gelyk het. Maar met verloop van tyd ontwikkel daar ‘n verskil: Persoon A word nie net eenmaal verlig deur die evangelie van God nie – nee, dit gebeur herhaaldelik dat Hy verstom staan voor die ryk inhoud daarvan. Hy leer al hoe meer van die hemelse gawe, van die Seun wat uit die hemel gekom het – Hy leer byvoorbeeld Hy is die Apostel en die Hoëpriester van die geloof, Hy leer selfs Hy is Hoëpriester volgend die orde van Melgisedek! Hy beleef nie net die werk van die Heilige Gees in ander rondom hom nie, Hy beleef die werk van die Heilige Gees in hom wat vir hom ‘n nuwe hart gee van vleis, hy word al meer bewus van sy persoonlike gawes en hy gebruik dit tot voordeel van ander. Hy leer al hoe meer uit die Woord – hy bly nie by melk nie, nee, hy beweeg aan na vaste spys, hy beweeg van die grondwaarhede aan na gevorderde waarhede. En soos wat hy dit leer, ervaar hy al hoe meer ‘n opgewondenheid om alreeds in hierdie lewe ‘n gelowige te wees, maar ook ‘n opgewondenheid oor wat in die toekoms lê – waarin hy ook wil deel. Ja, in hierdie proses van groei is daar tye wat hy val, maar dan gaan hy met vrymoedigheid na die genadetroon en pleit vir genade en barmhartigheid. Dan bekeer hy hom. En so kom daar almeer vrug in sy lewe – dertig, sestig en selfs honderdvoudig.

In persoon B se lewe vind daar ook ontwikkeling plaas. Alhoewel hy aanvanklik verlig en opgewonde was oor die evangelie, begin hy tog wonder of dit werklik die moeite werd is. Ja, hy hoor dat die Seun die hemelse gawe is wat van die Vader gekom het – maar kan mens dit werklik alles glo? Is Hy werklik God en mens? Is Hy werklik die ewebeeld van die wese van God? Hy was tog 'n mens soos ons. Ja, hy ervaar die warm gemeenskap van gelowiges in die gemeente waar die gawes van die Gees aan die werk is. Maar hy is ook in die wêreld – en daar in die wêreld is daar tog ook baie begeerlike en verleidelike dinge. Trouens, hoe meer hy aan die Woord blootgestel word, hoe meer verstaan hy dat daar baie begeerlike dinge in die wêreld is wat hy sal moet prysgee as hy werklik die Woord ernstig wil opneem. Ja, hy sien hoedat persoon A hom verlustig om reeds in hierdie lewe 'n gelowige te wees en uitsien na die lewe na hierdie lewe – maar, ai, die begeerlikhede van hierdie wêreld is darem ook nie so sleg nie. En stadig maar seker groei die onkruid, en begin hom verstik. Sy belangstelling in die Woord neem af, terwyl sy belangstellings in die wêreld meer word, hy hou op om te groei in kennis, hy ontwikkel nie 'n behoefte aan vaste kos nie, later het hy selfs nie meer 'n behoefte aan melk nie. Hy vervang dit met belangstelling in die dinge van hierdie wêreld: rykdom, status, sukses. Keer op keer moet hy 'n keuse maak: groei in terme van sy verhouding met God, of eerder groei in sy belange in die wêreld. Met verloop van tyd wen die wêreld al hoe meer dikwels. En dan op 'n stadium besluit hy om eerlik te wees: hy besluit om sy rug te draai op God en Sy Woord en Sy werk. Vers 6 sê: hy word afvallig. Maar let op: hierdie uitkoms is die resultaat van 'n proses wat oor 'n tyd verloop het. Herhaaldelik het die reën op die grond geval, herhaaldelik het hy besluit om die wêreld te stel bo die Woord – tot hy na 'n tyd by die punt kom om finaal te besluit om weg te loop.

Vers 6 sê wat tragies is, is dat hierdie persoon die Seun van God weer kruisig en openlik tot 'n bespotting maak. Dit is tog waar: Hy het ten minste begin om te verstaan wie die Seun is. Hy was aanvanklik opgewonde en verlig toe hy van die Seun gehoor het. Vir 'n wyle het hy hom geskaar by die wat wel in die Seun glo. Hy het ervaar hoe 'n verandering die Heilige Gees, wat van die Seun getuig, werk in die lewens van die wat in die Seun glo – alreeds in hierdie lewe, maar ook in hulle verwagting oor die ewigheid. Hy het toegang gehad tot geleenthede om nog meer te leer – maar hy het telkens besluit om eerder sy tyd en energie aan die begeerlikhede van hierdie wêreld te spandeer. As hy dus by die punt kom waar hy finaal sy rug op die Seun draai – maak hy die Seun tot bespotting deurdat hy oordeel t.p.v. alles wat hy beleef het: die wêreld bied iets beters as die Seun – en so maak hy die Seun bespotlik, en skaar hy hom by die mense wat destyds die Seun gekruisig het.

Kan ek opsom: twee persone wat aanvanklik dieselfde lyk, maar hulle einde is totaal verskillend. A het waarlik verander en het 'n hart van vlees ontvang – dit het met verloop van tyd duidelik geword deur die vrug wat in sy lewe sigbaar geword het. B het slegs oënskynlik verander, maar hy het nooit werklik 'n hart van vlees ontvang nie – dit het met verloop van tyd duidelik geword deur die gebrek aan vrug in sy lewe. A is dus 'n ware gelowige, en B nie. 'n Ware gelowige is dus nie iemand wat maar net 'n paar geestelike belewenisse in sy lewe gehad het nie, dit is nie iemand wat net eenmaal of net vir 'n tyd toegewyd was aan God nie, dit is selfs nie noodwendig iemand wat hom by 'n gemeente voeg nie. Nee, 'n ware gelowige is iemand wat volhard in sy verhouding met die Here, iemand wat end-uit volhard in die geloof, iemand wat groei in die geloof van melk tot vaste spys tot volmaaktheid in heiligheid, iemand wat se lewe gekenmerk word deur vrug wat met verloop van tyd al hoe meer word.

Vers 6 maak ook die stelling dat as iemand wat hom skuldig gemaak het aan hierdie afvalligheid, is dit onmoontlik om so 'n persoon weer tot bekering te bring. Dit beteken so 'n persoon is na hierdie ervaring, slegter daaraan toe as voor die ervaring. Voor die ervaring was daar steeds die moontlikheid van bekering, maar nou is daar geen moontlikheid meer nie. Hoekom is hierdie

uitspraak so streng? Onthou, persoon B het soveel blootstelling gehad aan God se werk: Hy het eerstehands ervaar wat dit is om deur God verlig te word, om iets van die werk van die Seun en die Heilige Gees te ervaar, om iets te smaak van die heerlijkheid van God se openbaring, om iets te ervaar van die hoop waarop dit gaan uitloop – om dit alles te kon ervaar, en dan steeds herhaaldelik te besluit om eerder meer waarde te heg aan wat hierdie wêreld bied, om boonop by die punt te kom om finaal te besluit om van God afvallig te word – wel, God bereik dan die punt om die besluit van die persoon te respekteer, genadetyd het vir die persoon uitgeloop – hy kan nooit weer tot bekering kom nie, hy gaan vir ewig verlore. Mark 3:28 noem dit sonde teen die Heilige Gees – daardie een sonde waarvoor daar geen vergifnis is nie.

Ander voorbeelde

Alhoewel die inhoud van Heb 6:4-8 dikwels as problematies beskou word en aanleiding gee tot baie debat, is hierdie lering baie meer algemeen in die Bybel as wat ons dikwels raaksien:

- Ons het nou alreeds gesien dat dit in lyn is met die gelykenis van die saaiër.
- Dit is ook in lyn met wat ons 'n wyle gelede gesien het rakende die Ou Testamentiese volk in die woestyn. Alhoewel hulle deur God uit Egipte verlos en op droë grond deur die Rooi See gelei is (kan ons maar sê alhoewel hulle eenmaal deur God verlig is), alhoewel hulle geëet het van die manna (kan ons maar sê hoewel hulle die werk van die Seun, wat die brood van die lewe is, geproe het), alhoewel hulle gedrink het van die water uit die rots (kan ons maar sê hoewel hulle die Heilige Gees deelagtig geword het), alhoewel hulle God hoor praat het by Sinai en herhaaldelik deur Moses (kan ons maar sê hoewel hulle die Woord van God gesmaak het), alhoewel hulle tot op die grens van die beloofde land gevorder het (kan ons maar sê hoewel hulle die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het) – nogtans het hulle hulle rug gekeer op die beloofde land en terug verlang na Egipte (kan ons maar sê die begeerlikhede van Egipte was vir hulle belangriker en het hulle verstik). Wel, God het destyds beslis hulle sal nooit in Sy rus ingaan nie – hulle het almal in die woestyn gesterf. Dit was vir hulle onmoontlik om weer tot bekering te kom.
- Of dink aan Judas Iskariot. Gedurende die periode van Jesus se openbare optrede was hy herhaaldelik blootgestel aan wat Jesus geleer het en die werke wat Hy gedoen het – en tog het hy op die ou end besluit dat die bedrag wat hy aangebied is om Jesus te verrai, is meer werd as wat Jesus hom gebied het. Hy het letterlik Jesus bespotlik gemaak – en ons weet wat was sy uiteinde.
- Of dink aan Mat 7:21-23. “Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie” – Persoon B het tog sekerlik op 'n stadium dit gesê. “Baie sal sê: ‘Here, Here, het ons dan nie in U Naam gepreek nie, deur U Naam duiwels uitgedryf en deur U Naam baie wonders gedoen nie?’” – hierdie mense het tog sekerlik die Heilige Gees deelagtig geword. En tog sê Jesus Hy het hulle nooit geken nie. Dit is verstommend hoe groot die ooreenkoms kan wees tussen 'n ware gelowige en iemand wat voorgee om 'n gelowige te wees. Dikwels is tyd nodig om werklik te kan onderskei.
- Of dink aan die dooie lote op die wingerdstok wat nie vrugte gedra het nie, in Joh 15:1-8. Hulle was tog aanvanklik aan die wingerdstok – soos die lewende lote. Die probleem was hulle het nie vrug gedra nie – soos die saad tussen die dorings. En toe het die boer, die Vader, hulle afgesny.
- Petrus beskryf dieselfde in 2 Pet 2:20-22.

Toepassings

Ek wil graag die volgende toepassings uitlig:

- Natuurlik is hier 'n skrikwekkende waarskuwing: Pasop dat jy nie afvallig word nie! Let op: die Hebreërskrywer rig hierdie waarskuwing aan mense wat hulleself as gelowiges beskou. Let op: die waarskuwing teen afvalligheid word nie aan die wêreld gerig nie – hulle het niks waarvan hulle afvallig kan word nie. Dit word gerig aan mense wat hulleself skaar by gelowiges. Dit word tipies gerig aan mense in 'n gemeente, aan mense wat die dinge doen wat gelowiges tipies doen – hulle is nie totaal onkundig oor God nie, hulle weet van die Seun, hulle ervaar selfs van die werk van die Heilige Gees, hulle hoor selfs die Woord, hulle weet selfs tot 'n mate waarheen alles op pad is. Maar met verloop van tyd, kwyn hulle entoesiasme, raak hulle al minder opgewonde oor al die dinge. In parallel raak hulle al meer opgewonde oor wat die wêreld bied. Hulle groei nie geestelik nie. Hulle soek nie vaste kos nie. Eerder melk. Hulle redeneer moet tog nie te lank preek, of te leerstellig preek nie, vinnige oppervlakkige lering is genoeg. En later wil hulle ook nie eers meer melk hê nie. Nee wat, wat die wêreld bied is beter. Op die ou end bereik hulle die punt dat hulle heeltemal wegloop. Hierdie proses is aan die orde van die dag in ons tyd. Twee eredienste op 'n Sondag word een erediens. Die preke word al hoe korter. Tydens Covid19 inperking leer mense die gerief om by die huis te bly en oor die internet te luister. Na die inperking opgehef is, bly hulle net by die huis. Die gevaar is, as hierdie proses end-uit geloop het – bereik hierdie mense die punt dat dit onmoontlik is om hulle te bekeer. Nie net was hulle nooit werklik gelowiges nie, hulle kan nou ook nooit 'n gelowige wees nie. Hulle posisie is meer benard as iemand wat nog nooit die evangelie gehoor het nie. Dit help nie hulle pleit “Maar ons was lidmate” nie. Nee, hulle moes end-uit volhard het. Meer nog, hulle moes end-uit gegroei het en steeds al hoe meer vrug gedra het. Dit is wat ware gelowiges kenmerk!
- Kan ek jou egter ook bemoedig: Daar is 'n verskil tussen “backsliding” en afvalligheid. Alle gelowiges beleef van tyd tot tyd 'n mate van backsliding / teruggly. Dit is periodes waarin gelowiges wegdryf van die Here af. Hulle kan selfs ver wegdryf. Hulle kan selfs vir 'n lang periode wegdryf. Maar iemand wat net backslide, kom eventueel terug, bereik 'n punt waar hy stukkend en moedeloos met homself terugkom na die genadetroon en kom pleit vir genade en barmhartigheid. Daarteenoor is afvalligheid wanneer iemand herhaaldelik bewustelik besluit om sy rug op die Here te draai – tot hy die punt bereik waar hy dit bewustelik en finaal doen. Hy weet hy het wat die wêreld hom bied opgeweeg teenoor wat God hom bied – en het toe besluit om die wêreld te kies. Backsliding kan eindig in afvalligheid, maar dit het nog nie daardie finale punt bereik nie. Stuart Olyott skryf ter bemoediging aan mense wat wonder of hulle al die punt van afvalligheid bereik het die volgende: Hy sê as jy werklik met erns, met integriteit bekommerd is daarvoor of jy afvallig geword het en dus die sonde teen die Heilige Gees gepleeg het, is dit 'n akkurate aanduiding jy het nie. Iemand wat wel afvallig geword het, het geen begeerte meer om hom te bekeer nie. Wanneer jy besef jy het weggedryf, kom dan dringend, maar ook met vrymoedigheid, terug na God se genadetroon en pleit om genade en barmhartigheid.